# Hoofstuk van die dag: Matteus 5

> *Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit*

*word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit. Julle is die lig vir die wêreld. (vers 13-14)*

Helmut Thielicke merk oor hierdie gedeelte op dat Jesus nie sê ons is die heuning vir die wêreld nie. Jesus het nie 'n stroperige, soetsappige kerk in gedagte gehad nie, 'n kerk wat maar net kan sê alles is mooi en ons moet vir mekaar lief wees, en dis al nie. Want Jesus kon óók, by al sy verkondiging dat ons liefde moet gee, vir die Fariseërs sê: Addergeslag!
Die dag as ons net liefde verkondig en anderkant toe kyk as dinge verkeerd is, daardie dag is ons in die moeilikheid. Ons moet sout wees wat smaak gee en bederf keer. Ons moet die lig van God se heiligheid op die duister praktyke van die wêreld laat val.
Jesus sê nie ons moet sout en lig probeer wees nie. Hy sê ons is dit. Dis deel van ons geloofswerklikheid, van wie ons as gelowiges is. Jy ís die sout van die aarde. Jy ís die lig vir die wêreld. Glo dit, en leef dit!


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026